23 September 2020

Geagte lid naam, lid nommer

GRAANSAADBESTELLINGS 2021 - PLANTSEISOEN

AANLYN SAADBESTELLINGS

Hiermee versoek ons u vriendelik om in te teken op gemelde webblad met u lidnommer en wagwoord. Indien u nie toegang het tot die webblad nie kontak asb vir Eon van Wyk by 028 214 3800 om aanteken besonderhede te kry vir ons webblad.

Volg asb die onderstaande stapppe:

Gaan na / Go to: **www.overbergagri.co.za**

Gaan na die "**Aanlyn Dienste / Online Services"** spyskaart item.
Klik op **Overberg GET**

Of

- Gaan na: **https://www.overbergget.co.za**
- Indien u klaar op die GET stelsel registreer is, **teken aan met die besonderhede soos u gedurende registrasie spesifiseer het.**
- Kliek op die **"My Rekeninge / My Accounts"** spyskaart item.
- Kliek op die **rekening waarmee u wil werk**.
  - Indien u nog nie deur die koppelingsproses is nie, druk op die blok met die plus teken
  - Sleutel u rekening nommer in
  - U kan dan identifiserende dokumentasie, om die goedkeuringsproses makliker te maak, laai
  - Druk dan op die groen knoppie om die aansoek vir koppeling in te dien.
  - 'n Kredietbestuurder sal dan die aansoek nagaan en verifieër, sodat u dan met daardie rekening kan werk om die bestellings in te dien
- Gaan na die **"Kry Diens / Get Going"**
- Kliek op die **"Kry Saadbestellings / Get Seed Orders"** spyskaart item.

- U sal dan geleentheid kry om u **saadbestelling** te kan voltooi deur die produkte te spesifiseer onder die relevante gewasse **<u>of</u>** om u eie **terughou saad** wat **skoongemaak** moet word te spesifiseer.
- **NB**: Sodra u klaar al die gewensde produkte bygelas het, kan u kliek op **"Finaliseer / Finalise"**.
- 'n Bestellingsvorm / Saadskoonmaak vorm word dan gegenereer wat u kan deurlees deur op die **"Beskou / View"** knoppie te kliek.
- Indien u tevrede is met u bestelling / skoonmaak vorm, kan u kliek op die "**Dien in / Sign**" knoppie. Daar sal dan 'n **OTP** gestuur word na u selfoon wat u dan kan insleutel om die proses te voltooi.

  U kan enige tyd u bestellings nagaan en die vorms aflaai onder die **"Kry Terugvoer / Get Feedback"** spyskaart item.

  Sodra u die transaksie volledig voltooi het, en Overberg Agri die vorm aanvaar, sal u 'n e-pos ontvang. Hierdie vorm sal vir u beskikbaar wees om af te laai, of te lees en word op die webblad gestoor.

Indien u verkies om Carien (Bredasdorp saad), Mika (Caledon saad), Ruby (Caledon kantoor) of een van die silo bestuurders te besoek, neem asb u selfoon saam, aangesien die "OTP" nommer slegs na u persoonlike selfoon gestuur word.

NB: Alvorens u die saadbestellingvorms voltooi, lees asseblief eers hierdie skrywe sorgvuldig deur. *Die bestelvorms is in 'n kontrakvorm opgestel wat u bind om die saad wat u bestel het, wel te neem. Overberg Agri poog om net die suiwerste saad per kultivar volgens streng standaarde, wat vir gesertifiseerde saad deur SANSOR vasgestel is, te verkoop. Maak seker dat u saad altyd van hoogstaande gehalte gebruik, om goeie vestiging en sterk plante te verseker.* ***Saam met die skrywe is inligtingsstukke om u te help met u keuse van kultivars, saadverwerking, -behandeling, ens.***

1. <u>BESTELVORMS</u>

1.1 Bestel so vroeg moontlik om teleurstelling te voorkom. Alle saad wat voor 31 Desember bestel is en waarvan daar tekorte ondervind word, word pro-rata uitgegee en bestellings na 31 Desember volgens bestellingsvolgorde.

1.2 'n Epos sal weekliks aan u gestuur word tot en met 22 Desember, tensy u die vorms onderteken het.

1.3 Sodra u die **bestelling ingedien en die OTP nr verskaf** het, sal u ‘n **epos** ontvang met die **bestelling se inligting** daarop en dit is ook op die webblad (**Overbergget**) onder **”Kry Terugvoering” en ”Saad Aankope”**.

1.4 **Eksperimentele garskultivars** kan die eerste 3 jaar slegs by **spesifieke silo’s ontvang** word weens beperkte tonne wat geproduseer word en die beskikbaarheid van opbergingspasie.

2. VERPAKKING

2.1 Saad wat deur Overberg Agri geproduseer en verkoop word, sal slegs in sakke, wat deur Overberg Agri voorsien word, verpak word. Dit beteken dat u nie aangekoopte saad vanaf Overberg Agri in u eie sakke kan laat verpak nie.

2.2 Overberg Agri sal **tweedehandse massasakke**, wat steeds as verpakking vir saad geskik is, by u terugkoop teen twee derdes die prys van nuwe sakke. **Hierdie sakke moet u asb. voor 31 Julie 2021 terugbring.**

2.3 U **eie saad** kan wel, nadat dit **skoongemaak** is, in u eie sakke verpak word, gegewe die voorwaardes in 2.4. In dié geval moet u asseblief met De Wet du Toit (Caledon) of Charl Kampman (Bredasdorp), by ons saadafdelings, reëlings in die verband tref. Saad wat reeds in houers verpak is, kan nie later uitgeskud word nie. Basissaad kan slegs in die oorspronklike verpakking opgeneem word.

2.4 Alle **leë houers** aangebied vir die **verpakking van eie saad** moet asb. skoon en vry van insekte en ander graan wees.

3. SAADBEHANDELING

3.1 Algemeen

Overberg Agri saad word **standaard slegs met ’n swammiddel** behandel. U het wel ‘n **opsie** om u saad **met ’n luismiddel (115ml/50kg imidachloprid) te behandel**. Imidachloprid het ’n sistemiese werking, en 8 tot 10 weke beheer van Rusiese koringluis op koring en gars kan verwag word.

Geen addisionele saadbehandelings word op hierdie saad gedoen nie. Indien u as klient enige verdere behandelings op sodanige saad doen of laat doen, sal dit Overberg Agri vrywaar van enige eise as gevolg van saad defekte.

Saad word slegs met geregistreerde middels (in vloeibare vorm) behandel.

3.2 Gars

Garssaad word as standaard met **50ml/50kg Redigo (prothioconazole)** behandel met ’n **opsie** om dit met **115ml/50kg Imidacloprid,** ‘n luisbehandeling, te behandel.

3.3 **Hawer**

Met die toenemende voorkoms van losbrand in hawer oor die afgelope jare, word alle **Overberg Agri hawersaad** nou standaard behandel met **75ml/50kg Shavit (triadimenol)**. Indien u onbehandelde hawersaad aan wil koop, moet u dit met saadbestuurder reël. Normaalweg is all hawersaad wat van ander maatskappye ingekoop word, onbehandel.

3.4 **Koring**

Alle **koring saad** word **standaard** met **11ml/50kg Orius** (tebuconazole) behandel, met 'n **opsie** om dit met **Imidacloprid (115ml/50 kg),** 'n luisbehandeling te behandel.

Galmano is 'n saadbehandelingsmiddel vir swambeheer. Dit is geregistreer vir die voorkoming van vrotpootjie asook losbrand en stinkbrand by koring. Indien u wil hê dat u koringsaad met Galmano (G) behandel moet word, moet u op die **saadbestelvorm apart aandui** hoeveel saad van watter kultivar u met die betrokke middel behandel wil hê. **Die Koring wat met Galmano behandel word, word nie met Orius behandel nie.**

3.5 U moet asseblief daarop let dat **saad wat met 'n ander middel as die standaard behandel is, nie vir krediet teruggeneem kan word nie** en **ook nie deur Overberg Agri opgeberg kan word nie. Sou daar van die behandelde saad oorgedra word, bly dit die eiendom van die produsent.** Die rede hiervoor is dat ontkieming op sulke oordrag saad nie gewaarborg kan word nie. Die effektiwiteit van die behandeling kan ook oor tyd afneem.

3.6 'n **Vorm** is op GET beskikbaar vir voltooiing vir **saadskoonmaakdienste op teruggehoude saad**. Indien u teruggehoude saad wil laat skoonmaak dui ook asseblief daarop aan of u koringsaad met Galmano behandel moet word.

4. SAADSKOONMAAKDIENSTE / TERUGGEHOUDE SAAD

4.1 **Alle elektronies voltooide saadskoonmaak vorms moet ingedien word vor Overberg Agri voor 31 Desember 2020 bereik. Skoonmaakbehoeftes wat ons bereik na 31 Desember 2020 sal skoongemaak word nadat Overberg Agri se saad afgehandel is.**

4.2 Alle graan wat aangebied word om as **saad skoongemaak** te word, moet **voldoen aan saad spesifikasies** van toepassing op die spesifieke gewas. Bring vooraf 'n monster sodat daar vasgestel kan word of die kwaliteit bevredigend is om as saad skoongemaak te word. Klipdale kan nie saad wat skoongemaak moet word in losmaat hanteer nie. Saad vir skoonmaak by Klipdale moet gelewer word in massa sakke, of met vangwaens wat direk uitgepomp kan word.

4.3 Vir produsente wat hierin belangstel, is die volgende pryse ter sprake.

4.3.1 Indien saad deur die **totale sisteem** gaan, word die diens teen ‘n prys van **R430 per ton (vuil basis) en btw uitgesluit,** aangebied.

4.3.2 Indien dit nodig is om graan (alle gewasse) twee maal deur die sisteem te stuur, word u twee maal die koste gevra.

4.3.3 Indien saad **slegs** oor die **gravitasietafels** gaan - word die diens teen ‘n prys van **R385 per ton (vuil basis), btw uitgesluit,** aangebied.

4.4 ’n Elektroniese Saadskoonmaak vorm is voltooibaar vir doeleindes van die diens. Die doel hiervan is om die skoonmaakproses nog beter te skeduleer en vermenging te voorkom. Die saadafdeling sal met u in verbinding tree wanneer hul gereed is om u saad vir skoonmaak in ontvangs te neem.

4.5 Wees versigtig om **koring** wat **bakteriese skroei (“black chuff”)** besmet is as saad terug te hou. Die siekte is saadoordraagbaar en saadbehandeling teen dit is nog nie bevestig nie.

4.6 Sou daar ander behandelingsbehoeftes vir terughou saad bestaan (bv. Spoorelemente) moet u dit asseblief met De Wet du Toit of LJ Fourie / Charl Kampman by die saadafdelings kommunikeer. Geen middels in poeier vorm kan by die saadaanlegte gebruik word nie. Middels moet in vloeibare vorm wees.

Met inagneming van ’n maksimum totale toediening van 450 ml vloeistof op 50 kg saad waarvan minstens 90 ml water moet wees, sal ons u graag akkommodeer indien moontlik.

Daar is ’n aparte vorm by bogenoemde persone beskikbaar wat u moet invul en teken.

4.7 Saad van **Kadie en Bitou (S19)** gars wat in 2020 geplant en geoes is, is nog eksperimenteel en **mag nie deur produsente teruggehou word vir saad vir 2021 nie.**

5. ANDER KULTIVARS EN DIVERSE SAAD

5.1 Indien u belangstel in ‘n **kultivar of gewas wat nie op die bestelvorms verskyn nie**, moet u u keuse en hoeveelheid asseblief **op** die betrokke **elektroniese vorm aandui.** Alhoewel ons dit nie kan waarborg nie, sal Overberg Agri poog om in al u saadbehoeftes te voorsien.

5.2 Maak asseblief seker van u saadbehoefte vir ‘n spesifieke kultivar, aangesien verskaffers nie altyd gewillig is om bestellings te kanselleer nie. Veral waar bestellings reeds uitgevoer is, word terugneem deur die verskaffer geweier of teen hoë koste uitgevoer. **Geen kansellasies sal, nadat die saad deur**

Overberg Agri bestel of gekoop is, aanvaar word nie. <u>U is dus verplig om die saad wat u bestel het, te neem.</u>

5.3 Elektroniese bestellings wat teen 30 Junie 2021 nog nie deur Overberg Agri uitgevoer kon word nie, sal verval.

6. <u>BEPERKINGS OP GARS KULTIVARS SOOS BEPAAL DEUR ABInBev</u>

6.1 Geen gars mandaat vir 2021 is tot op hede van ABI ontvang nie.

6.2 <u>Ander eksperimentele kultivars</u>
Sou daar ‘n behoefte bestaan vir vermeerdering van sulke kultivars, sal Overberg Agri produsente vir vermeerdering werf.

7. <u>KEERDATUMS</u>

7.1 **Terugbring van Overberg Agri vermeerde saad:**
Alle Overberg Agri vermeerde saad wat bestel is en later terug gebring word of nie afgehaal is nie, word teen u rekening uitgeboek, mits dit herverkoop word. Die saad word op ‘n “eerste terug, eerste uit” basis verkoop. In laasgenoemde geval ontvang u die volle krediet vir die saad. Indien die saad nie verkoop word nie, word dit terug geneem teen ’n administratiewe heffing van 7.5 % op die verkoopsprys.

Saad wat in massasakke geneem word, kan ongelukkig net teruggeneem word indien dit nog geseël is.

7.2 **Kansellasie van <u>Overberg Agri vermeerde saad</u> :**
U het geleentheid tot 15 Januarie 2021 om Overberg Agri geproduseerde saad te kanseleer. Saad wat u na 15 Januarie 2021 kanselleer, word einde Mei 2021 op u rekening gedebiteer. U ontvang volle krediet teen die aankoopprys indien alle teruggebringde (verwys punt 7.1) saad reeds verkoop is. Indien u die saad nie wil hê nie, word dit teruggeneem, min ‘n administrasieheffing van 7.5 % op die verkoopsprys.

7.3 Saadbehandelings anders as die standaard behandelings, is uitgesluit van bogenoemde vergunnings. Die produsent is ten volle verantwoordelik vir dié saad nadat dit behandel is.

8. <u>UITBOEK VAN SAAD</u>

Saad wat deur Overberg Agri vermeerder word, word teen u rekening gefaktureer wanneer u dit neem. U ontvang dus u faktuur wanneer u, u saad laai. Dit word egter rentevry gedra tot 31 Mei 2021.

9. KREDIETSTELSEL

Kreditering vir teruggehandigde saad wat herverkoop is, word na die saaiseisoen (Julie) gedoen. Dit is dus noodsaaklik om u saadontvangs-bewyse tot aan die einde van die seisoen te bewaar.

10. BEHANDELINGSKOSTE

Indien u **u eie saad** deur Overberg Agri laat skoonmaak en behandel, geld die volgende behandelingskoste (BTW uitgesluit).

Behandelingskoste

Gewas	Behandeling	Skoonmaak Totale sisteem (R/500 kg) Vuil basis	Skoonmaak Gravitasietafel (R/500 kg) Vuil basis	*Behandeling (R/500 kg) Skoon basis
Koring	Orius	215.00	185.00	88.00
Koring	Galmano*	215.00	185.00	2031.00
Gars	Redigo	215.00	185.00	180.00
Hawer	Shavit	215.00	185.00	171.00
Koring / Gars	Imidachloprid (Luisbeheer)	215.00	185.00	573.00
Koring	Superguard (Stoorinsekte beheer)	215.00	185.00	7.50
Koring	Dubbel Flite	215.00	185.00	526.5
Gars	Dubbel Flite	215.00	185.00	658.00

***Let wel**: * Slegs die koste van die chemiese middel.*

*** Behandelingskoste om slegs produk op saad toe te dien is R200.00 per ton**.

11. SAADSUIWERHEID EN ONTKIEMING

Overberg Agri is weer bereid om monsters van graan wat teruggehou word om te plant, weg te stuur vir ontledings. Indien u in hierdie diens belangstel kan u duidelik gemerkte monsters by enige van ons silo's afgee. Veral op teruggehoude garssaad word voor saai ontledings sterk aanbeveel. Kostes hieraan verbonde sal met u bespreek word voor die ontleding.

12. AFHAAL VAN SAAD

Indien u graansaad op 'n Saterdag wil kom afhaal, word u vriendelik versoek om dit voor 16:00 op die voorafgaande Vrydag met De Wet du Toit (Caledon – 028 214 3818) of Charl Kampman / LJ Fourie (Bredasdorp – 028 425 5852/028 425 5848) te reël.

Maak asseblief seker dat u saadbestellings ons betyds bereik en volledig ingevul is.

Dankie vir u vriendelike samewerking.

Vriendelike groete
J LUSSE
BESTUURDER: PRODUKTE